*Historia* 56, 2, November 2011, pp 154–168

# Teologiese twis rondom sinodale koersveranderinge in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1982-1990

*Barend van der Merwe** en *Marietjie Oelofse***

## Inleiding

Met die veranderinge wat in Suid-Afrika gedurende die 1980's op politieke gebied aan die gang was, het vrae ontstaan rondom die ondersteuning wat die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) in Suid-Afrika[1] aan die Nasionale Party (NP) regering gebied het deur middel van die teologiese regverdiging van apartheid. Die NGK was teen die 1980's in die unieke situasie vasgevang dat ongeag van watter koers dit sou inslaan, dit onafwendbaar was dat die eindresultaat onsamehorigheid en onenigheid sou wees.

In 1986 het die NGK onder geweldige plaaslike sowel as internasionale druk verkeer in aanloop tot die algemene sinode (AS) van daardie jaar. Tydens die AS van 1982 is besluit dat die NGK sy beleid rakende rassekwessies moes aanpas deur die 1974-beleidsdokument, *Ras, Volk en Nasie en Volkeverhoudinge in die lig van die Skrif* (*RVN*), te hersien. Daar is met besondere afwagting na die AS uitgesien deur kritici van die NGK wat op drastiese veranderinge in die NGK gehoop het. Veral binne die NG-kerkfamilie[2] was hierdie verwagtinge hoog. Die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (NGSK) het in 1982 reeds 'n *status confessionis*[3] afgekondig nadat die Wêreldbond vir Gereformeerde Kerke (WBGK)[4] tydens die laasgenoemde liggaam se vergadering in Augustus 1982 in Ottawa, Suid-Afrika se apartheidsbeleid tot 'n "sonde" verklaar het. Die WBGK het ook tydens dieselfde geleentheid die teologiese regverdiging van apartheid as "kettery" beskryf en die NGK sowel as die Nederduitsch Hervormde Kerk se lidmaatskap van die WBGK opgehef.

---

* Barend van der Merwe is 'n afgestudeerde MA-student (Geskiedenis), Universiteit van die Vrystaat.

** Marietjie Oelofse is 'n senior lektrise verbonde aan die Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat. Haar belangstelling sluit mondelinge geskiedenis, asook menseregteskendings en geregtigheid, waaronder waarheidskommissies in. Tans werk sy aan 'n navorsingsprojek van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) wat handel oor: "Hidden voices, untold stories and veiled memories: women and their stories in conflict and violence".

1. Hoewel die NGK se aktiwiteite buite die grense van Suid-Afrika strek, word daar in hierdie artikel spesifiek na die NGK binne die geografiese gebied van Suid-Afrika verwys.
2. Die term "NG-kerkfamilie" verwys na al die kerke wat as uitvloeisel van die NGK ontstaan het. Die belangrikste kritiek teen die NGK het vanuit die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (NGSK) gekom. Die NGSK het in 1994 met die meeste gemeentes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika saamgesmelt en die Verenigde Gereformeerde Kerk het tot stand gekom. Die Reformed Church in Africa funksioneer steeds onafhanklik van die res van die NG-kerkfamilie.
3. Die *status confessionis* of "staat van belydenis" wat deur die NGSK verklaar is, het die beleid van apartheid tot 'n sonde, en die teologiese regverdiging van die apartheidsbeleid tot 'n dwaalleer van die Christelike geloof verklaar. D.J. Smit, "What does *status confessionis* mean", *in* G.D. Cloete and D.J. Smit (eds), *A moment of truth. The confession of the Dutch Reformed Mission Church* (Tafelberg, Kaapstad, 1984), pp 7-32.
4. Die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke is 'n genootskap van Gereformeerde Kerke wat gemeenskaplike doelwitte nastreef. Sien: World Alliance of Reformed Churches, "What we do", http://warc.jalb.de/warcajsp/side.jsp?news_id=708&part_id=0&navi=9, 10 May 2006 (geraadpleeg 2 November 2010).

Die uiteindelike besluite wat tydens die AS van 1986 geneem is, het verskeie behoudende sowel as progressiewe waarnemers teleurgestel. Sommige waarnemers en belangegroepe het gevoel die NGK het te veel toegegee aan die druk en in die proses sy lidmate in die steek gelaat deur die Bybelse regverdiging van apartheid te laat vaar. Ander het gevoel die kerk het nie genoeg gedoen om die onrusgeteisterde Suid-Afrikaanse samelewing wat op rassegronde gepolariseer was, hoop te gee nie. Dit is ook belangrik om daarop te let dat die NGK daarvan beskuldig is dat dit nie in lyn met Christelike oortuiging opgetree het nie, deurdat die kerk versuim het om die beleid van apartheid tot ’n “sonde” te verklaar. Hoewel die AS nie ’n noemenswaardige indruk op talle waarnemers gemaak het nie, was die spreekwoordelike vet egter in die vuur binne die NGK.

Die besluite wat die AS geneem het, sou ’n belangrike katalisator wees in die ontstaan van die Afrikaanse Protestantse Kerk (APK). Die ontstaan van die APK was die direkte gevolg van die NGK se besluit dat die Bybel geen gronde vir die bestaan van ’n beleid van rasseskeiding bied nie. Die NGK het egter ook verder gegaan deur kritiek uit te spreek teen die bepaalde manier waarop die apartheidsbeleid in Suid-Afrika toegepas is, hoewel dit nie die beleid op sigself as strydig met die wil van God verklaar het nie. Hierdie feit het tot verdere struweling binne die NGK gelei. In 1987 het die Wes-Kaapse sinode egter die apartheidsbeleid as geheel verwerp – ’n ontwikkeling wat nie wyd bekend is nie.[5] Tog was die grootste skade aan die NGK reeds in daardie stadium gedaan. Terwyl die politieke implikasies van die verwerping van die teologiese regverdiging van die apartheidsbeleid aan die een kant tot formele sowel as informele skeuringe in die NGK gelei het, het die NGK se jarelange regverdiging van die NP se rassebeleid aan die ander kant die gesag van dié kerk geweldige groot skade berokken.

## Worsteling met die apartheidsbeleid: die algemene sinode van 1982 en die Wes-Kaapse sinode van 1983

Die apartheidsbeleid soos wat dit sedert 1948 bestaan het, toe dié beleid deur die NGK gesteun is, was teen 1980 iets van die verlede. Hierdie ontwikkeling het ’n ernstige bedreiging vir eenheid binne die NGK ingehou. Dit het ook die outoriteit van die NGK benadeel. Dit was skielik noodsaaklik dat die NGK óók “aanpas of sterf”[6]. Die vraag was hoe die NGK kon aanpas sonder om die lidmate te vervreem en dus ’n vertrouensbreuk te vermy. Dit was nie van meet af die plan om veranderinge aan te bring soos in die politieke debat nie, maar teen die middel van die 1980’s het die NGK ’n kritieke stadium bereik wat dit kon maak of breek.

Die AS van die NGK het in Oktober 1982 te midde van groeiende druk op die NGK binne eie geledere, sowel as van kritici buite die NGK, vergader. “Verligtes” binne

5. NG Kerk Argief en Bestuursinligtingsdienste, Bloemfontein (hierna ABID): *Handelinge van die Veertigste Vergadering van die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gehou in Kaapstad van 13 tot 24 Oktober 1987*, p 144.

6. Alhoewel die beleid van “aanpas of sterf” nooit ’n amptelike beleid van die NP was nie, is die veranderinge aan die rassebeleid wat onder die eerste minister en latere president van Suid-Afrika, P.W. Botha, plaasgevind het, in die volksmond dikwels as “aanpas of sterf” beskryf. Daar is geredeneer dat blankes se oorlewing in Suid-Afrika afhang van hulle vermoë om aan te pas by veranderinge in die land, asook dat Verwoerdiaanse apartheid in die toekoms tot die verlede sou behoort. Vir ’n wyle was hierdie benadering baie suksesvol in die behoud van blanke Afrikanermag. H. Giliomee, *Die Afrikaners. ’n Biografie* (Tafelberg, Kaapstad, 2004), pp 544-545.

keuses van die NGK se leierskap, wat daarop aanspraak gemaak het dat die kerk nie by magte is om politieke beleid voor te skryf nie – 'n aanspraak wat nie waterdig is nie omdat daar nooit van die NGK verwag is om beleid voor te skryf nie, maar wel om bestaande beleid aan die Bybel te toets.

Die besluit om die Bybelse regverdiging van die apartheidsbeleid te laat vaar, was egter 'n historiese keerpunt in die geskiedenis van die NGK. Daar kan uiteenlopend gespekuleer word in welke mate dié besluit die politiek van Suid-Afrika beïnvloed het. Gegewe die sentrale rol wat godsdiens in die breë en spesifiek die NGK in die lewens van die heersende klas gespeel het, is dit onwaarskynlik dat die besluite wat die NGK tydens die AS van 1986 geneem het, ongesiens in blanke gemeenskappe verbygegaan het. Die jaar 1986 was immers 'n jaar voor die verkiesing van 1987 en die uitsprake van die AS van die NGK het nie die politieke beleid van die KP onder leiding van dr. Treurnicht gevlei nie. Dit het, in teenstelling met hoe die beleid van apartheid vir lank binne die NGK verstaan is, geargumenteer dat die beleid van rasseskeiding nie die wil van God verteenwoordig nie, maar die resultaat van menslike voorkeur is. Die proponente van die apartheidsbeleid kon oornag nie meer aanspraak maak op die feit dat die oudste en invloedrykste kerk onder blanke Afrikaners die beleid van apartheid as die wil van God verkondig nie. Op grond hiervan word volstaan deur die gevolgtrekking te maak dat die NGK, wetend of onwetend, alles behalwe 'n onbenullige rol gespeel het in die totstandkoming van die "nuwe Suid-Afrika".

## Opsomming

Tydens die algemene sinode van 1986 van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) het dié kerk belangrike besluite in verband met Suid-Afrika se rassebeleid geneem. Alhoewel die sinode nie die beleid van apartheid in beginsel verwerp het nie, het sommige van die besluite wat geneem is, skokgolwe deur die kerk gestuur. Verskeie lidmate van die NGK is onkant betrap deur die sinode se aanvaarding van die beleidsdokument *Kerk en Samelewing* (*KES*), wat enige teologiese regverdiging van die apartheidsbeleid verwerp het en verklaar het dat die NGK niemand op grond van kulturele agtergrond en velkleur die deur kan wys nie. Die regering se toepassing van die beleid van apartheid was ook onder skoot, spesifiek waar die apartheidsbeleid tot menseregteskendings gelei het. Die ontstaan van die Afrikaanse Protestantse Kerk (APK) was 'n uitvloeisel van die NGK se sinode van 1986, maar daar was ook verdere verdelings binne die kerk vanweë die feit dat heelwat van die oorblywende NGK-lidmate steeds die beleid van apartheid gesteun het. Die artikel argumenteer dat die belangrikheid van die sinodale besluite nie met betrekking tot die ontstaan van die "nuwe Suid-Afrika" oor- of onderskat moet word nie.

**Sleutelwoorde:** Afrikaanse Protestantse Kerk (APK); algemene sinode (AS); Andries Treurnicht; apartheid; Carel Boshoff; Cottesloe-beraad; Geloof en Protes; *Kerk en Samelewing* (*KES*); Konserwatiewe Party (KP); Nasionale Party (NP); Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK); NG Bond; NG-kerkfamilie; *Ras, Volk en Nasie en Volkereverhoudinge in die lig van die Skrif*; sinodale besluite.

## Abstract

### Theological dissent re synodal directional changes in the Dutch Reformed Church, 1982-1990

At the 1986 general synod of the Dutch Reformed Church (DRC), the church made significant decisions regarding South Africa's political position with regard to racial policy. Although the synod did not condemn the policy of apartheid in principle, some of the decisions taken caused shockwaves to reverberate amongst members of the church. Many members of the DRC were caught off guard as the synod accepted the document *Church and Society,* declaring that there is no Biblical justification for the policy of apartheid and that the church can no longer refuse entrance to its sermons to any person on the basis of either cultural background or skin colour. The synod also criticised the way that the policy of apartheid was being implemented in South Africa where it resulted in the violation of human rights. As a result, the Afrikaanse Protestantse Kerk (APK) was established by a splinter group. Despite this development, the church was also still divided internally, as many of its remaining members supported the policy of apartheid. The article argues that the importance of the decisions made by the synod should neither be overestimated, nor undervalued with regards to the birth of the "new South Africa".



**Key words:** Afrikaanse Protestantse Kerk (APK); NG Bond; Andries Treurnicht; apartheid; Carel Boshoff; *Church and Society*; Conservative Party (CP); Cottesloe consultation; Dutch Reformed Church (DRC); Dutch Reformed family of churches; general synod; *Human relations and the South African scene in the light of Scripture*; National Party (NP) ; *Religion and Protest*; synodal decisions.